

MIDSTREAM COLLEGE



VAKINLIGTING
2023 VIR 2024

INHOUDSOPGAWE

VAKKEUSE	3
TALE: AFRIKAANS & ENGELS	4
WISKUNDE	5
WISKUNDIGE GELETTERDHEID	6
LEWENSORIËNTERING	7
BESIGHEIDSTUDIES	8
DRAMATIESE KUNSTE	9
FISIESE WETENSKAPPE	10
GEOGRAFIE	11
GESKIEDENIS	12
INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP	13
INLIGTINGSTEGNOLOGIE	14
LEWENSWETENSKAPPE	15
MUSIEK	16
REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE	18
REKENINGKUNDE	19
TOERISME	20
VISUELE KUNSTE	21
VERDERE STUDIES WISKUNDE	22

VAKKEUSE

INLEIDING

Om die Nasionale Seniorertifikaat aan die einde van graad 12 te verwerf, moet 'n leerder sewe erkende vakke aanbied. Vier van hierdie vakke is verpligtend en drie is keusevakke.

Verpligte vakke:

- 'n Leerder moet minstens een taal (in hierdie geval Afrikaans of Engels) as Huistaal aanbied. Die ander taal mag op Eerste Addisionele Taalvlak aangebied word. Leerders het ook die opsie om albei tale op Huistaalvlak te neem.
- 'n Leerder moet **óf** Wiskunde **óf** Wiskundige Geletterdheid neem.
- Alle leerders neem Lewensoriëntering.

Keusevakke:

- Leerders moet drie van die 13 vakke neem wat in graad 10 aangebied word.

Verdere Studies Wiskunde:

- Leerders het die opsie om Verdere Studies Wiskunde as 'n 8ste vak te neem. Dit word na-ure teen 'n addisionele koste aangebied. Leerders sal aan die begin van die akademiese jaar uitgenooi word om aan die program deel te neem. Neem kennis dat dit slegs in Engels aangebied word.

Prosedure:

- Voltooi asseblief die vakkeusevorm deur op die skakel wat op die webwerf verskaf word, te klik.

TALE: AFRIKAANS & ENGELS

Omskrywing

Taal is 'n instrument vir denke en kommunikasie. Deur taal word kulturele diversiteit en sosiale betrekkinge gekonstrueer en uitgedruk. Die doeltreffende gebruik van taal stel leerders in staat om te dink en kennis te verwerf, hulle kreatiewe vermoëns en identiteit, asook gevoelens en idees uit te druk, interaktief op te tree en om hul eie leefwêreld te bestuur.

Die belangrikheid van die vak

Weens Suid-Afrika se taal- en kulturele verskeidenheid moet Suid-Afrikaners bemagtig word om oor taalgrense heen te kommunikeer en sodoende kulturele en linguistieke verdraagsaamheid en begrip te bevorder.

Taalonderrig sluit meer in as net luister, praat, lees en skryf en streef die volgende doelwitte na:

- Verbreed en verdiep taalbevoegdhede;
- Gebruik taal gepas in lewensgetroue kontekste met inagneming van die teikengroep, doel en konteks;
- Gebruik taal met vertroue om eie idees, sienings en emosies uit te druk en te regverdig ten einde selfstandige en analitiese denkers te word;
- Gebruik taal en verbeelding om menslike ervarings uit te beeld en te verken. Deur interaksie met kreatiewe tekste, kan leerders oor hulle eie lewens en ervarings nadink en alternatiewe wêreldbeskouings oorweeg;
- Gebruik taal om inligting te verkry en te bestuur;
- Gebruik taal as 'n instrument vir kritiese en kreatiewe denke;
- Druk beredeneerde opinies oor etiese kwessies en waardes uit;
- Werk krities met 'n wye verskeidenheid tekste. Leerders behoort die perspektiewe, waardes en magsverhoudings te herken en te bevraagteken wat onderliggend in tekste ingesluit is;
- Herken die ongelyke status van verskillende tale en taalvariëteite. Leerders is in staat om die oorheersing van enige taal of taalvariëteit te bevraagteken en om in 'n multi-kulturele samelewing hul eie taalregte te handhaaf.

Waaroor handel die vak?

Afrikaans en Engels word op die volgende vlakke aangebied:

- Huistaal: Die leerder se huistaal moet versterk en ontwikkel word om sodoende die grondslag vir die aanleer van addisionele tale te vorm.
- Eerste Addisionele Taal: Die aanleer van 'n Eerste Addisionele Taal bevorder veeltaligheid en interkulturele kommunikasie.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Taal verleen toegang tot vele beroepsmoontlikhede en, indien nie deeglik beheer nie, kan die leerder se beroepskeuses beperk word. Geletterdheid vorm die grondslag vir die suksesvolle afhandeling van daaglikse take en dra by tot die lewensvaardighede wat die leerder in die wêreld moet hanteer.

WISKUNDE

Omskrywing

Wiskunde is 'n vak wat gebaseer is op die herkenning van patrone en die ontdekking van algemene teorieë deur logiese denke. Dit word gedoen deur numeriese en simboliese modelle deur gebruik te maak van taal en simbole.

Die belangrikheid van die vak

Wiskunde voorsien die fondament vir toelating tot verdere studies in 'n verskeidenheid van velde in 'n akademiese, sowel as professionele rigting. Dit ontwikkel kennis, vaardighede, waardes en opinies wat die leerders in staat sal stel om deel te neem aan, insette gee vir, aanpassing van en oorlewing in die komplekse informasiegedrewe omgewing. Wiskunde ontwikkel logiese denke sowel as probleemoplossingsvaardighede. Die studie van Wiskunde sal kritiese bewusmaking van funksionele verwantskappe aanmoedig. Dit beteken dat leerders voorbereid sal wees om te verstaan hoe afhanklik verskeie aspekte in die werklike lewe van mekaar is en hoe verandering in een aspek 'n invloed op 'n ander sal hê. Dit word as alledaags aanvaar dat 'n wiskundige lewenswyse die sleutel tot sukses is vir elke dag, sowel as vir die werksplek. Hierin speel Wiskunde 'n belangrike rol in die wetenskap, sowel as in die ekonomiese ontwikkeling, wat nodig is om 'n suksesvolle Suid-Afrikaanse gemeenskap te bou, wat in staat is om sy rol in die globale wêreld te speel.

Waaroor handel die vak?

Wiskunde stel 'n mens in staat om kreatief en logies oor probleme in die werklike, sowel as in die wetenskaplike omgewing te redeneer, waar mense betrokke is. Dit voorsien 'n taal wat natuurlike en wetenskaplike verskynsels beskryf wat mense in staat stel om probleme in hierdie konteks op te los.

Deur gebruik te maak van beskikbare tegnologie, soos sakrekenaars en rekenaars, is die leerders in staat om:

- Getalle en getalpatrone te gebruik om probleme in Wiskunde, sowel as in die alledaagse lewe op te los. Probleme wat persoonlike finansiële aspekte en omgewingsaspekte insluit.
- Die reëls en prosesse van Algebra toe te pas om probleemoplossingsmodelle te skep vir probleemoplossing in 'n verskeidenheid van kontekste.
- Beskryf, analiseer en stel die meetkundige eienskappe van ruimte voor, insluitende natuurlike en mensgemaakte objekte en strukture.
- Insameling, gebruik en interpretasie van data deur gebruik te maak van tegnieke in beskrywende statistiek en waarskynlikheid.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Wiskunde lê die basis vir tersiêre studies in 'n wiskundige rigting, al die verskillende wetenskappe, sowel as die ekonomiese en bestuurswetenskappe.

'n Studie van Wiskunde stel leerders in staat om vir verskillende loopbane in te skryf, soos onderwys, ingenieurswese, medies en ander tegniese verwante rigtings, kommersiële en bestuursverwante rigtings, bv. geoktrooieerde rekenmeester ens.

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

Omskrywing

Wiskundige Geletterdheid het die neiging om die laer vlakke van numeriese aanleg, wat algemeen die oorhand in ons gemeenskap het, aan te spreek. Dit streef dus daarna om leerders bewus te maak van die rol wat Wiskunde in die alledaagse lewe speel. Dit sal hoofsaaklik 'n vak wees wat deur alledaagse toepassings gedryf word.

Die belangrikheid van die vak

Wiskundige Geletterdheid is nie 'n afgewaterde vorm van Wiskunde nie. Dit is 'n vak in sy eie reg. Die doel is om kennis, vaardighede, waardes en opinies wat die leerders in staat sal stel om deel te neem aan, insette gee vir, aanpassing van en oorlewing in 'n komplekse informasie gedrewe omgewing, te ontwikkel.

Dit sal bereik word deur die ontwikkeling van begrip in wiskundige terminologie, wyse van denke en tegnieke sodat numeriese en ruimtelike informasie wat in teks, diagramme, tabelle en grafieke voorgestel word, kan sin maak. Sulke voorstellings word baie gereeld in die media gebruik. Wiskundige Geletterdheid ontwikkel logiese denke, probleemoplossingsvaardighede en die bewusmaking van funksionele verwantskappe. Dit word al hoe meer aanvaar dat 'n wiskundige lewenswyse as vanselfsprekend belangrik is in die alledaagse lewe en in die werksplek. Wiskundige geletterdheid speel 'n belangrike rol om vaardighede te ontwikkel wat nodig is om 'n suksesvolle Suid- Afrikaanse gemeenskap te bou, een wat in staat is om sy rol in die wêreld te speel.

Waaroor handel die vak?

Wiskundige Geletterdheid stel 'n mens in staat om kreatief en logies oor alledaagse probleme, waar mense betrokke is, te redeneer. Dit voorsien 'n taal wat wiskundige georiënteerde inligting en verskynsels verstaan en beskryf, wat die leerder weer in staat stel om as 'n selfstandige persoon, 'n meedeelsame werker en 'n deelnemende burger te funksioneer.

Deur gebruik te maak van beskikbare tegnologie, soos sakrekenaars en rekenaars, is die leerders in staat om:

- Getalle en getalpatrone te gebruik om probleme in wiskunde sowel as in die alledaagse lewe op te los. Probleme wat persoonlike finansiële aspekte en omgewingsaspekte insluit.
- Die tegnieke van funksionele verwantskappe en grafieke toe te pas om soortgelyke probleme in die alledaagse lewe op te los in 'n verskeidenheid van kontekste.
- Beskryf, analiseer en stel die meetkundige eienskappe van ruimte voor, insluitende natuurlike en mensgemaakte objekte en strukture.
- Insameling, gebruik en interpretasie van data deur gebruik te maak van tegnieke in beskrywende statistiek en waarskynlikheid.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Wiskundige Geletterdheid lê die basis vir tersiêre studies in Sosiale Wetenskappe, Lewenswetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Wiskundige Geletterdheid stel leerders in staat om tot loopbane in industriële- en tegniese velde asook in kommersiële en bestuursverwante rigtings toe te tree. Wiskundige Geletterdheid moet egter nie deur leerders geneem word wat in wiskundige rigtings soos natuurwetenskappe en ingenieurswese wil spesialiseer nie.

LEWENSORIËNTERING

Omskrywing

Lewensoriëntering is 'n holistiese studie van die 'self' in verwantskap tot ander en die gemeenskap. Dit spreek die persoonlike, sosiale, intellektuele, emosionele, geestelike, motoriese en fisiese groei en ontwikkeling van die leerders aan.

Die belangrikheid van die vak

Lewensoriëntering rus die leerling toe om die persoonlike, sielkundige, neuro-kognitiewe, motoriese, morele, geestelike, kulturele, sosio-ekonomiese en konstitusionele vlakke te antwoord op die eise van die wêreld en om verantwoordelikheid te aanvaar en sodoende die beste gebruik te maak van lewensgeleenthede. Deur Lewensoriëntering word kennis, vaardighede, houdings en waardes uitgebou wat leerders in staat stel om meer effektief op die huidige, sowel as toekomstige volwasse uitdagings te reageer en sodoende 'n meer sinvolle rol te speel in die gemeenskap en in die ekonomie.

Waaroor handel die vak?

Lewensoriëntering is 'n unieke vak in graad 10-12. Die fokus is op 'n diversiteit van leerders as afgeronde mense. Die vak sluit die volgende in:

- **Persoonlike Welstand**
 - Sentraal aan die ontwikkeling van potensiaal, rus hierdie aspek leerders toe om meer effektief te wees in interpersoonlike verhoudings en die gemeenskapslewe. Selfkonsep, emosionele geletterdheid, sosiale vaardighede en lewensvaardighede kom onder die loep.
- **Burgerskapopvoeding**
 - Persoonlike en individuele behoeftes word geplaas binne 'n sosiale konteks wat die aanvaarding van diversiteit aanmoedig en 'n waardering en ondersteuning vir die waardes en beginsels soos in die grondwet vervat, probeer kweek. Diskriminasie op grond van ras, godsdiens, kultuur, geslag, ouderdom, vermoë en taal sowel as xenofobie word aangespreek.
- **Fisieke Welstand en Ontspanning**
 - Kennis van gesonde praktyke en eetgewoontes, deelname aan spel en sport, ontspanning en vryetydsbestedingsaktiwiteite word aangespreek, sodat die leerder 'n beter begrip kan hê van die verwantskappe tussen gesondheid, fisiese aktiwiteite en die omgewing en sodoende hul algehele welsyn en lewenskwaliteit kan verbeter.
- **Loopbane en Loopbaankeuses**
 - Leerders moet kritiese besluite oor loopbane en verdere studie neem. Leerders word in dié verband blootgestel aan studiemetodes en inligting oor tersiêre instellings en word voorberei vir indiensnemingsonderhoude en -aansoeke.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Lewensoriëntering help leerders hoe en waar om toegang tot verdere onderwys en opleiding te verkry, sowel as om hulle voor te berei om hul plek in die samelewing vol te staan. Kennis, vaardighede, waardes en houdings word behandel sodat verskillende loopbane gevolg kan word.

BESIGHEIDSTUDIES

Omskrywing

Besigheidstudies handel oor kennis, vaardighede, normes en waardes wat krities is vir ingeligte, produktiewe, etiese en verantwoordelike deelname in die formele en informele ekonomiese sektore. Die vak handel oor besigheidsbeginsels, teorieë en praktyk wat die ontwikkeling van entrepreneursinisiatiewe, volhoubare ondernemings en ekonomiese groei ondersteun.

Die belangrikheid van die vak

Die vak beoog om die kapasiteit van leerders te ontwikkel om ingeligte, verbeeldingryke, deelnemende en bydraende besigheidspersone te wees wat dinamies 'n reeks interafhanklike besigheidprosesse kan voltooi. Die ontwikkeling van besighedsrolle sal leerders in 'n posisie plaas waar hulle effektief hul kennis en vaardighede kan toepas om verskillende besighedsgeleenthede te inisieer en besighedsprosesse suksesvol uit te voer.

Waaroor handel die vak?

Besigheidstudies bou die leerders se kapasiteit om uitnemendheid te bevorder en by te dra tot volhoubare besighedsaktiwiteite. Dit ondersteun grondwetlike doelwitte en doelstellings deur bevordering van toeganklike, wettige entrepreneursbesighedsgeleenthede. Die vak bied ook geleenthede vir leerders om hedendaagse uitdagings binne die Suid-Afrikaanse beleidsraamwerk te oorweeg. Vaardighede soos besluitneming, probleemoplossing, kreatiewe denke, sistematiese denke en effektiewe kommunikasie in 'n kompeterende en deurlopend veranderende omgewing is krities in die vak.

Die omvang van die vak behels:

- **Besighedsomgewing** – Hierdie gedeelte fokus op die verskillende elemente van die makro-, mikro- en markomgewings, asook die komplekse en diverse aard van besighedssektore.
- **Besighedsprosesse** – Hierdie gedeelte fokus op die ontwikkeling van belangrike faktore wat bydra tot die ontstaan van volhoubare besighede. 'n Sleutelkenmerk is die ontwikkeling van kreatiewe entrepreneurs wat produktiewe besighedsgeleenthede kan identifiseer en verantwoordelik benut.
- **Besighedsrolle** – Hierdie gedeelte dek die noodsaaklike rolle wat leerders in 'n verskeidenheid van besighedskontekste moet vervul.
- **Besighedsaktiwiteite** – Hierdie gedeelte sal leerders met die kennis en vaardighede toerus om effektief noodsaaklike besighedsprosesse soos menslike hulpbronne, openbare betrekkinge, bemerking en produksie binne die konteks van relevante wetgewing en kontemporêre kwessies te bestuur.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Besigheidstudies sal leerders met 'n stabiele fondasie toerus om deel te neem in besigheid, handel en bestuurstudies, of om besigheid te betree, of om werk te skep vir hulself en ander.

DRAMATIESE KUNSTE

Omskrywing

Dramatiese kunste is 'n sosiale kunsvorm wat die visuele, ouditiewe, fisiese, kinestetiese en opvoerbare elemente integreer ten einde te kan kommunikeer, ondersoek en te reflekteer om sodoende menslike ervaring te ontwikkel.

Die belangrikheid van die vak

Die vak Dramatiese Kunste ontwikkel en bevorder menslike kreatiwiteit as 'n diverse en produktiewe hulpbron deur middel van dramatiese kommunikasie, interaksie en aanbieding. Die leerproses in Dramatiese Kunste sluit die volgende in: ervaring, refleksie, analise en retrospeksie in die verwerping van vaardighede, kennis, waardes en insig. Dramatiese Kunste leer leerders om gemaklik voor mense te praat en gemaklik met hulself voor mense te wees. Dit is dus vaardighede wat jy in elke beroep gaan gebruik. Dit leer leerders om op hul voete te dink en te improviseer. Dit help leerders om storieborde bymekaar te sit en hulself te kan bemerk. In 'n wêreld waar beïnvloeders (*influencers*) and Zoom-vergaderings die norm word, het dit gewys dat 'n mens aanpasbaar moet wees, selfs voor 'n kamera. Ons moet leerders leer om hul eie weg te skep en Dramatiese Kunste gee leerders die geleentheid om die vaardighede te leer. Die doelwit van Dramatiese Kunste is:

- bewusmaking van nasionale imperatiewe (w.o. HIV/VIGS, die omgewingsbewustheid, menslike regte en sosiale geregtigheid) deur middel van dramatiese praktyke, prosesse of produkte.
- die ontwikkeling van verbale en nie-verbale kommunikasievaardighede.
- ondersoek en voorstelling van idees en gevoelens deur dramatiese vorme van kommunikasie.
- ontwikkeling van vaardighede soos beskrywing, analisering, interpretasie, evaluering en die waardering van die Dramatiese praktyk, prosesse en produkte deur middel van kritiese refleksie.
- die ontwikkeling van selfvertroue op verskeie gebiede en situasies.
- ontwikkeling van entrepreneursvaardighede, kennis, gesindheid en waardes om sodoende 'n ekonomiese bydrae te lewer in die Dramatiese Kunste of verwante velde.

Waaroor handel die vak?

Dramatiese Kunste behels die volgende:

- Kulturele praktyke en prosesse, insluitend tradisies, gebruike, feeste en rituele;
- Spraakkunde bv. digkuns, mites, legendes, volksverhale, lofliedere, storievertelling en redenaars.
- Teks (skryf, opvoer, mondeling) en inhoud (identiteit, samelewing, kulture, ideologië, tyd, verhoudings en verandering), insluitend studie van teks in konteks vanaf persepsie tot resepsie ;
- Opvoerstyle, tradisies en beweging en die bydrae tot teatrale praktyke;
- Dramatiese praktyke, prosesse en produkte, insluitend inheemse opvoerstyle, improvisasie, rolspel, karakterisering, toneelspel, regie, ontwerp, teatertegnologie, administrasie en vermaaklikheidstegnologie; en
- Media, as 'n aspek van massamedia, insluitend al die maniere van storievertelling ten opsigte van verhoog, video, film, televisie, radio en enige nuwe vorm van media.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Dramatiese Kunste bewerkstellig toelating vir kursusse soos Spraak en Drama, Kreatiewe Kunste, Teater- en filmstudies, Mediastudies, Toneel en Drama by universiteite of ander tertiêre instellings. Leerders wat graag 'n loopbaan in die bedryf wil volg, word bevoordeel ten opsigte van die volgende velde: kunsgalerye, museums, kuns/vermaaklikheidsindustrie, kuns/vermaaklikheidsbestuur, teaterbestuur en verhoogbestuur, gemeenskapskunssentrums, kultuurtoerisme, geleentheidskoördinerings, media, publisiteit en advertensie, vermaak, drama studios, woordverkundiging, professie in die onderwys, gereg, sielkunde, publieke verhoudings, gemeenskapsdiens, verhoog, televisie, video, radio en film, teaterontwerp (kostuum-, stel-, grimering-, beligting-, klankpromosie), terapie, (rolspel-, dramaterapie).

FISIESE WETENSKAPPE

Omskrywing

Fisiese Wetenskap is die studie van Fisika en Chemie. Dit verskaf aan leerders die kennis van wetenskapwette en wetenskaplike beginsels, asook die eienskappe van materie. Deur eksperimentele werk word leerders bekend gestel aan die wetenskaplike metode van ontdekking en ook aan die verklaring van verskynsels.

Die belangrikheid van die vak

Dis 'n belangrike vak omdat dit ondersoekend is. Deur wetenskaplike ondersoek word bestaande wetenskaplike kennis korrek bewys en word nuwe wetenskaplike kennis ontdek wat tot voordeel van die mensdom, ons toekoms en die toekoms van ons planeet is. Deur wetenskaplike ondersoek word ons behoefte om die wêreld om ons te verstaan en hoe ons voordeel daaruit trek en hoe ons dit onderhou, bevredig.

Waaroor handel die vak?

In Fisiese Wetenskap sal leerders meer leer oor beweging, kragte, werk, energie, golwe, klank, kleur, elektrisiteit, magnetisme, elektronika, materie, chemikalieë, chemiese reaksies, mynbou, plastiek en die chemiese industrie.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Baie werkgewers gee voorkeur aan leerders met 'n Fisiese Wetenskappe-agtergrond. Leerders met 'n wetenskapagtergrond is skaars en is dus in 'n gunstige posisie om werk te kry.

Leerders wat Fisiese Wetenskap neem se:

- **akademiese** pad by instellings soos universiteite en universiteite van tegnologie, stel hulle in staat om grade in Fisika en Chemie, asook verwante vakke te behaal.
- **professionele** pad by instellings soos universiteite en kolleges maak dit vir hulle moontlik om onderwysers, verpleegsters, mediese dokters, tandartse, chemiese ingenieurs, aptekers, ens, te word.
- **beroepsmoontlikhede** deur opleiding by universiteite van tegnologie te ondergaan en wetenskaplike tegnici, tegnoloë ens. te word, word vergroot.

Vereistes

60% vir Wiskunde in die graad 9-Junie-eksamen.

GEOGRAFIE

Omskrywing

Geografie is 'n wetenskap wat die natuurlike (fisiese) en menslike prosesse asook ruimtelike patrone op aarde op 'n geïntegreerde wyse oor ruimte en tyd heen bestudeer. Dit ondersoek die ruimtelike verspreiding van mense en hul bedrywighede, natuurlike (fisiese) en mensgemaakte verskynsels of terreingesteldhede of kenmerke of voorwerpe, ekosisteme en wisselwerking tussen mense en tussen mense en die omgewing in 'n dinamiese konteks.

Die belangrikheid van die vak

Geografie stel leerders in staat om prosesse en ruimtelike patrone te verduidelik, om goed ingeligte oordeel oor die veranderende omgewings en kontekste te fel, om krities en skeppend (kreatief) te dink oor wat dit beteken om op 'n volhoubare wyse te lewe, om te erken hoe waardes en gesindhede die omgewing beïnvloed en om 'n reeks geografiese vaardighede en tegnieke op kwessies en uitdagings in 'n veranderende wêreld toe te pas.

Geografie poog om:

- navorsingsvaardighede, interpretasie, analise en besluitneming oor die omgewing (fisies en menslik) te ontwikkel;
- kennis en begrip van die veranderende aard van die aarde (wêreld) te ontwikkel en
- die verhouding tussen mense en hulle omgewing te begryp,
- leerders ingeligte, kritiese en verantwoordelike burgers te maak wat effektiewe besluite en aksies kan neem wat sal bydra tot gelyke volhoubare ontwikkeling van die gemeenskap en die fisiese omgewing.
- leerders insig te leer in alle wêreldsake en ook om leerders se algemene kennis te benut en uit te brei.

Waaroor handel die vak?

Geografie handel oor:

- die samestelling en werking van die aarde en alle prosesse wat die aarde intern en ekstern vorm en verander (geomorfologie);
- die samestelling van die atmosfeer en al die prosesse wat ons weer en klimaat beïnvloed (klimatologie);
- die verspreiding van mense binne 'n land en prosesse van nedersetting en die mens se interaksie met die aarde waarop hy bly (nedersettings en bevolking);
- die verantwoordelike gebruik van die omgewing en ons hulpbronne tesame met die invoer en uitvoer van hierdie produkte (ekonomies, hulpbronne en ontwikkeling); en
- die verstaan en interpretasie van kaarte asook alle geografiese inligtingstelsels (elektroniese en tradisionele kaartwerk).

Hoe sal geografie tot voordeel van 'n leerder wees?

- Geografie dien as basis vir enige natuurwetenskaplike en besigheidsrigting op universiteit.
- Geografie bevoordeel leerders wat rekenaars in die leerproses gebruik en dit sal vir hulle 'n een en twintigste eeuse ingesteldheid besorg.
- Geografie-leerders is in staat om navorsing en berekeninge te doen, hulle opdragte logies te skryf, te stoor en te organiseer.
- Geografie verskaf verskeie beroepsmoontlikhede soos lugvaart, geologie, geografiese ingenieurswese, omgewingsimpakstudies, argitektuur, mynwese, kartografie, eko-toerisme, landopmeting, weerkunde, natuurbewaring, landelike- en stedelike beplanning, water- en grondsake asook geografiese inligtingstelsels bekend as GIS.
- Geografie is verpligtend indien oorsese studies oorweeg word (hulle vereis sosiale wetenskap as vak) asook vir alle landbou- en omgewingsrigtings.

GESKIEDENIS

Omskrywing

Geskiedenis is 'n studie van verandering en ontwikkeling in die gemeenskap oor tyd en ruimte heen. Dit is 'n fassinerende verkenning van menslike gedrag, keuses en die gevolge van daardie keuses asook die magsverhoudinge wat op enige samelewing, in die hede of in die verlede, 'n uitwerking het. Geskiedenis is nie net die memorisering van blase gepak met inhoud nie, maar gebruik die inhoud om die proses van ondersoek, interpretasie en kenniskonstruksie aan te leer. Hierdie is waardevolle lewensvaardighede, wat die identifisering en evaluering van relevante inligting insluit en dan die geskiedenis daarop baseer. 'n Nuwe aspek van Geskiedenis is om die erfenis en openbare verteenwoordiging van die verlede soos monumente, gedenktekens, museums, geboue, erfenisterreine, gemeenskapsgeskiedenis en geheue te ontleed. Dit neem Geskiedenis uit die klaskamer na die wêreld om ons.

Die belangrikheid van die vak

Geskiedenis dra by tot die ontwikkeling van lewensvaardighede. Dit sluit in die vermoë om relevante inligting te onttrek, te ontleed en te organiseer en om logiese argumente wat deur bewyse ondersteun word, te ontwikkel, en om verskillende standpunte te kan evalueer. Leerders sal 'n kritiese begrip vir hedendaagse kwessies ontwikkel, asook kennis neem van die belangrikheid van die verlede om die hede en die toekoms te verstaan. Geskiedenis leer jongmense die vaardighede en denkprosesse wat noodsaaklik is om verantwoordelike burgers in 'n demokratiese land te word. Geskiedenis leer ons dat ons keuses het en dat ons almal 'n verskil kan maak.

Waaroor handel die vak?

Die inhoud is so georganiseer dat dit twee sleutelvrae beantwoord:

- Hoe verstaan ons ons wêreld vandag?
- Watter erfenis van die verlede het die hede gevorm?

Teen die tyd wat leerders graad 12 bereik, sal hulle kwessies soos globalisering, die rol van die samelewing, menseregte, ras, geslag, klas, xenofobie en volksmoord behandel het, asook die impak wat hierdie kwessies op die verlede en die hede gehad het en nog op ons lewens vandag het. Die leeruitkomste en assesseringsstandaarde ontwikkel Geskiedenis as 'n ondersoek, bou konseptuele kennis en die verstaan daarvan, analiseer verskillende perspektiewe en interpretasies en lei leerders in die proses van kenniskonstruksie en effektiewe kommunikasie.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Deur die bestudering van Geskiedenis, sal jongmense die kuns om te debatteer aanleer asook die vermoë om 'n persoonlike standpunt te verdedig. Hierdie is waardevolle vaardighede vir enige beroep of verdere opvoeding. Die vaardighede, prosesse en begrip wat in die Leeruitkomste ingebed is, berei leerders voor om hulself en hulle studie op tersiêre vlak te bestuur. Geskiedenis berei leerders vir 'n wye reeks beroepe voor. In die huidige vinnig veranderende wêreld wil werkgewers mense hê wat onafhanklike denkers, ontvanklik, gedissiplineerd, goed met probleemoplossing is, en in staat is om die noodsaaklike van die onbeduidende uit te soek.

Die '*Which Subject, Which Career?*' handleiding wat in 2002 in die VK gepubliseer is, het die volgende oor die studie van Geskiedenis gesê: 'Historici word beskou as mense wat 'n opvoeding gehad het wat hulle intellek geskool het om feite en menings te vergader, te organiseer en voor te stel en dit is 'n baie nuttige kwaliteit in vele lewensterreine en beroepe. Geskiedenis is 'n uitstekende voorbereiding vir baie beroepe. Die studie van Geskiedenis ondersteun onafhanklike, kritiese denke, wat in vandag se wêreld hoog geag word.'

Onderrigtaal

Neem kennis dat Geskiedenis slegs in Engels aangebied word.

INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP

Omskrywing

Ingenieursgrafika en ontwerp integreer kognitiewe en manipulerende vaardighede om grafies te kan kommunikeer, deur 'n kombinasie van lyne, simbole en tekens sodat daar produksie, prosesse, dienste en sisteme in plek kan wees wat kan bydra tot die ekonomiese groei en verbeterde sosiale omstandighede in die land.

Die belangrikheid van die vak

Ingenieursgrafika en ontwerp sal bydra tot 'n leerling se tegnologiese geletterdheid deur hulle geleentheid te gee tot:

- die ontwikkeling en toepassing van spesifieke vaardighede deur probleme rakende ingenieursgrafika en ontwerp op te los.
- die verstaan van die konsepte en kennis wat in ingenieursgrafika en ontwerp gebruik word en hoe om daardie kennis verantwoordelik en doelgerig toe te pas.
- respek van die interaksie tussen mense en hulle waardes en norme teenoor die tegnologie, samelewing, omgewing en menseregte.

Waaroor handel die vak?

Die volgende konsepte word gebruik om leerders voor te berei vir verdere studies in argitektuur, siviele, meganiese en elektriese ingenieurwese:

- Verstandelike ontwikkeling (visualisering, insig en persepsie)
- Vryhand-, instrument- en rekenaargesteuende ontwerp;
- Twee- en Drie-dimensionele tekening; en
- Projeksiemetodes;
- Ruimtelike tekening; en
- Deursneëtekening (gedetailleerde en saamgestelde tekening)

Ingesluit in elkeen van hierdie konsepte is die volgende: Meganiese tegnologie, Elektriese tegnologie, Siviele tegnologie en Argitektoniese tegnologie.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Die volgende is by Ingenieursgrafika en ontwerp ingesluit:

- Toepassing van die beginsels vir Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, RTT en Lewenswetenskappe t.o.v. vervaardiging, ingenieurwese en tegnologiese probleemoplossing;
- Konseptuele kennis, sintese en grafika;
- Konseptuele kennis, kennis en toepassing van materiale en vervaardigingsprosesse in die boubedryf.
- Argitektonies, meganies, struktureel, elektries en siviele ingenieurwese;
- Tegniese kommunikasie, effektiewe toesig en algemene bestuursvaardighede nie net geskrewe nie, maar ook gesproke in die korrekte taalstruktuur en styl met grafiese ondersteuning;
- Toepassing van gebruikskodes en wetgewing;
- Mobilisering van inheemse kennis sodat leerders voordeel kan trek uit inheemse tegnologie en inheemse tegnologiese oplossings; en
- Om leerders in staat te stel om 'n verskeidenheid oplossings vir probleme te oorweeg, veral die wat meer volhoubaar en nie tot nadeel van die mens en sy omgewing is nie.

INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Omskrywing

Inligtingstegnologie leer leerders hoe om nuwe rekenaarprogramme te skryf en/of bestaande rekenaarprogramme te ontwikkel sodat gebruikers die programme kan gebruik. So 'n leerder is iemand wat logies kan dink en goed is met probleemoplossing.

Die belangrikheid van die vak

Die rekenaar word toenemend gebruik om daaglikse take makliker en meer effektief te maak. Omdat ons in 'n omgewing leef wat daaglik verander, is dit nodig om gereeld dinge op 'n ander manier te doen. IT sal leerders laat verstaan hoe 'n rekenaar geprogrammeer kan word deur die huidige programmeringstaal Delphi te gebruik om probleme op te los wat in ons daaglikse lewe, by die werk en in die gemeenskap opduik.

Waaroor handel die vak?

Leerders gaan van die verskillende dele van 'n rekenaar leer, wat die dele doen en hoe dit werk. Hulle gaan leer hoe rekenaars ons lewens affekteer (soos e-handel en Internetbankdienste) en ook watter invloed dit op ons gesondheid het. Leerders leer hoe om rekenaars verantwoordelik en eties korrek te gebruik en op hoogte te bly van die nuutste tegnologie.

Leerders gaan leer van en hoe om met inligting te werk en om dit beskikbaar te stel deur van verskillende gereedskap gebruik te maak, hoofsaaklik via elektroniese kommunikasie. Hulle sal alle soorte data bymekaarmaak, dit bestudeer en analiseer en die bevindings aan verskillende sektore van ons gemeenskap vertoon.

Leerders sal leer hoe om hulle eie rekenaarprogramme te skryf en te toets vir probleemsituasies wat vinnige en effektiewe oplossings benodig.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

'n Leerder met al hierdie kennis en vaardighede, is in 'n baie bevoorregte posisie om werk te kry. Die meeste beroepe verwag deesdae van 'n mens om rekenaarvaardig te wees.

Met die kennis en vaardighede wat in IT aangeleer is, kan leerders in baie rigtings verder studeer: Rekenaarwetenskap, Informatika, Tegnologie, Onderwys, Ingenieurswese, Statistiek- en Sagteware ontwikkeling.

IT laat leerders toe om te fokus op aktiwiteite wat te doen het met probleemoplossing deur logiese denke, inligtingbeheer en ontwikkeling van rekenaarprogramme. Dit plaas leerders in 'n posisie om verskillende beroepe in verskeie velde te kan volg. Leerders kan hierdie en verwante vaardighede ook gebruik om werk vir hulself en ander te verskaf.

Onderrigtaal

Neem kennis dat IT slegs in Engels aangebied word.

Vereistes

Slegs 50 leerders kan geakkommodeer word. Hulle word op die Wiskundepunt in die graad 9-Junie-eksamen gekeur.

LEWENSWETENSKAPPE

Omskrywing

Lewenswetenskap is die studie van lewe in 'n veranderende natuurlike en mensgemaakte omgewing. Die studie behels die kritiese ondersoek, verwysing na en verstaan van konsepte en prosesse, asook hulle toepassing in die gemeenskap.

Die belangrikheid van die vak

Lewenswetenskap stel leerders in staat om:

- Die biologiese, fisiologiese, omgewings- en tegnologiese en sosiale prosesse wat 'n invloed op die omgewing uitoefen, te verstaan.
- Die konsepte wat noodsaaklik is om die basiese lewensprosesse te verstaan en om die verwantskap en inter-afhanklikheid van die konsepte van lewende dinge in die fisiese wêreld, te ontdek.
- Die etiese, sosiale en tegnologiese sake op die terrein van Lewenswetenskap te debatteer en aan te spreek.
- Leerders sal ondersoekende, probleemoplossing, kritiese denke en ander wetenskaplike vaardighede ontwikkel en leer hoe om Lewenswetenskapbeginsels in verduidelikings te gebruik.

Waaroor handel die vak?

Lewenswetenskap ontwikkel:

- Wetenskaplike ondersoek en probleemoplossingsvaardighede
- Die begrip van en toepassing van Lewenswetenskapkennis
- Die begrip van die verwantskap tussen Lewenswetenskap, tegnologie en die omgewing en van verskillende waardes.

Die onderwerpe wat in Lewenswetenskap bestudeer word, sluit in:

- Weefsels, selle en molekulêre studies;
- Strukture en die kontrole van prosesse in basiese lewenssisteme;
- Omgewingstudies; en
- Diversiteit, verandering en verband.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Lewenswetenskap berei 'n leerder voor vir verdere opvoeding en opleiding na skool, vakleerlingskap en die beroepswêreld en om jou eie besigheid te bedryf. Dit hou verband met beroepe in 'n mediese rigting, virologie, biochemie, bio-ingenieurswese, sielkunde, verpleegkunde, onderwys, marine-biologie, genetica en omgewingswetenskappe.

MUSIEK

Omskrywing

"Musiek is die antwoord op die misterie van die lewe; dis die mees diepsinnige kunsvorm; dit gee uitdrukking aan die gedagtes van die lewe, tog is dit 'n taal van eenvoud, maar kan nie vertaal word nie." – Arthur Schopenhauer

Musiek bestaan uit drie komponente:

- Praktiese musiekvoordrag (die speel van 'n instrument)
- Musiekgeletterdheid (musiekteorie en notasie, harmonie en komposisie, en gehooropleiding)
- Algemene musiekkennis en -ontleding (musiekvorm en -struktuur, musiekgeskiedenis, -genres en -style)

Voorvereiste minimumstandaard om Musiek te neem:

Graad 8: Graad 1-standaard prakties (UNISA, ABRSM, Trinity); beginnersagtergrond in teorie

Graad 9: Graad 2-standaard (Prakties en Teorie – UNISA, ABRSM, Trinity)

Graad 10: Graad 3-standaard (Prakties en Teorie – UNISA, ABRSM, Trinity)

Leerders wat belangstel om musiek in graad 10 te neem, word sterk aangeraai om musiek in graad 8 en 9 te neem. Leerders wat belangstel om musiek vir die eerste keer in graad 9 of 10 te neem, moet hierdie opsie met die musiekonderwyser bespreek.

Die belangrikheid van die vak

"'n Man met geen musiek in hom nie, ...

So 'n man kan nie vertrou word nie". – William Shakespeare

Musiek ontwikkel die brein: Neuro-wetenskaplikes het onlangs enorme deurbrake gemaak deur breinfunksie te monitor. Hulle het bevind dat veelvuldige areas van die brein aktief raak deur na musiek te luister. Wanneer 'n musiekinstrument bespeel word, vind "vuurwerke" van aktiwiteit oor die hele brein plaas, aangesien die motor-, visuele- en ouditiewe kortekse en beide breinhemisfere geaktiveer word.

Ander voordele sluit in:

Dissipline (bv. ensemblespel), self-dissipline (daaglikse self-oefening), ontwikkeling van fyn motoriese funksies en super-koördinasie, kreatiwiteit, sosiale interaksie, respek en geduld. Musiek is 'n universele taal wat oor kultuur en ander grense heen kommunikeer, dit bevorder probleemoplossing en uithouvermoë, verhoogoptrede en self-uitdrukking.

Waaroor handel die vak?

Die vak bestaan uit 'n praktiese (50%) en 'n teoretiese komponent (50%). Midstreamleerders sal slegs in die teoretiese komponent onderrig word. Leerders word egter geëvalueer op beide praktiese- en teoretiese komponente. Leerders en hul ouers is self verantwoordelik vir die praktiese deel van die vak. Dit behels die organisering, befondsing en vind van 'n instrument-/stemonderwyser. Die Midstreammusiekonderwyser kan verwysings verskaf, indien benodig.

Die kurrikulum wat by Midstream College gevolg word, sluit die volgende in:

- Musiekgeletterdheid: musiekteorie en notasie, gehoorbewustheid van teorie, harmonie en komposisie, en kennis van musiekterminologie.
- Algemene musiekkennis en -ontleding: vorm en struktuur, geskiedenis van Westerse kunsmusiek (Renaissance tot 21e eeu), Jazz-genre, Afrika-genre en Suid-Afrikaanse genre en style.

Die waarde van die vak

Die meeste Suid-Afrikaanse universiteite bied kursusse aan vir verdere Musiekstudies bv. Uitvoerende Kuns: Westerse kunsmusiek en Jazz studies, Komposisie (insluitende filmmusiek), Musiekterapie, Musiektegnologie en Musikologie. Daar is volledige studiebeurse by sommige departemente beskikbaar. Musiekstudies maak die deure oop vir talle werksgeleenthede in die uitsaaiwese, musiekopvoeding, musiekterapie, die filmbedryf en optredes.

Vir skoliere wat nie 'n musiekloopbaan kies nie, is die voordele van die bemeestering van 'n musiekinstrument oneindig. Hierdie afgeronde individue kom dikwels in aanmerking vir oorsese beurse in verskillende studierigtings.

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE (RTT)

Omskrywing

Rekenaartoeëpassingstegnologie verduidelik hoe rekenaars, selfone, die Internet, e-pos, netwerke en soortgelyke tegnologieë deur mense gebruik word om hul daaglikse take in alle sektore van die lewe uit te voer met die reeds beskikbare rekenaarprogramme.

Die belangrikheid van die vak

Leerders sal meer kennis ontvang en leer hoe om met inligting te werk en dit beskikbaar te maak deur verskillende tegnieke te gebruik. Hulle sal in staat wees om verskillende soorte data te versamel, bestudeer en te analiseer en hul bevindings vir die verskillende sektore van ons gemeenskap aan te toon. Terwyl hulle dit doen, sal hulle verskillende rekenaarprogramme gebruik.

Waaroor handel die vak?

Leerder sal leer hoe om rekenaarprogramme te gebruik wat hulle sal help met hul daaglikse take, soos om hul huiswerk, take, briewe of CV's in woordverwerkingsprogramme te tik. Hulle sal leer hoe om al hul punte vir toetse te bereken (in 'n sigblad), 'n lys te maak van hul CD- en video-versameling sodat dit meer georganiseerd voorkom (in 'n databasis), of om boodskappe aan leerders in ander lande via e-pos te stuur. Wanneer hulle projekte moet doen, sal hulle leer hoe om deur die groot netwerk van rekenaars, naamlik die Internet, vir inligting te soek.

Leerders sal van die verskillende dele van die rekenaar leer wat die verskillende dele doen en hoe dit werk. Hulle sal van rekenaars in die alledaagse lewe leer, naamlik OTM's en hoe rekenaars in hospitale, restaurante, biblioteke ens gebruik word. Hulle sal leer hoe die gebruik van rekenaars ons lewens beïnvloed (soos e-kommunikasie en Internet-bankdienste) en ons gesondheid (sig en postuur). Hulle sal leer hoe om rekenaars verantwoordelik en eties te gebruik.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

'n Leerder met al hierdie kennis en vaardighede is in 'n gunstige posisie om in diens geneem te word. Die meeste beroepe vereis dat 'n persoon rekenaargeletterd is.

Met die kennis en vaardighede wat met Rekenaartoeëpassingstegnologie aangeleer is, kan die leerder verder studeer in baie verskillende rigtings: opleiding, rekenaarwetenskap, ekonomie, geografie, tegnologie, ingenieurswese, statistiek en toerisme.

Rekenaartoeëpassingstegnologie neem dit wat leerders in Rekenaargeletterdheid (graad 1-9) geleer het, verder.

Rekenaartoeëpassingstegnologie laat leerders toe om van basiese tot gevorderde rekenaarvaardighede te ontwikkel. Dit plaas leerders in 'n posisie om verskillende beroepe in verskeie rigtings te betree. Leerders kan ook hierdie en verwante vaardighede toepas om werkseleenthede vir hulself en ander te skep.

Onderrigtaal

Neem kennis dat RTT slegs in Engels aangebied word.

REKENINGKUNDE

Omskrywing

Rekeningkunde fokus op die prosessering en kommunikasie van finansiële inligting. Dit verseker dat daar aan die vereistes van etiese gedrag, deursigtigheid en verantwoordbaarheid voldoen word. Dit handel ook oor die logiese, sistematiese en akkurate seleksie en aantekening van finansiële inligting, asook die saamstel, ontleding en vertolking van finansiële state en bestuursverslae.

Die belangrikheid van die vak

Rekeningkunde ontwikkel die leerder se vaardighede, kennis, waardes, houdings en vermoë om betekenisvolle en ingeligte persoonlike en gesamentlike finansiële besluite in ekonomiese en sosiale omgewings te neem. Dit stel leerders in staat om die basiese vereistes van 'n rekeningkundige loopbaan handmetode en/of elektronies te hanteer.

Waaroor handel die vak

Hierdie vak omvat rekeningkundige kennis, vaardighede en waardes wat op die finansiële-, bestuurs- en ouditvelde fokus. Die omvang van die vak sluit die volgende aspekte in:

Finansiële rekeningkunde

- Die logiese, sistematiese en akkurate opteken van finansiële transaksies, asook die ontleding, vertolking en kommunikasie van finansiële state.

Hulpmiddels om hulpbronne te bestuur

- Konsepte soos kosteberekening en begroting. Klem word geplaas op vertolking en kommunikasie van finansiële- en bestuursinligting vir besluitnemingsdoeleindes.

Bestuursrekeningkunde

- Basiese interne kontrole en interne ouditprosesse en etiese kodes. Klem word op die kennis, begrip en toepassing van etiek in finansiële- en bestuursaktiwiteite geplaas.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Rekeningkunde in die VOO-fase sal 'n basis voorsien vir verdere studies by 'n tersiêre instelling. Hierdie vak stel leerders in staat om hul studies voort te sit in verdere en/of hoër onderwysinstellings. Dit stel leerders in staat om vaardighede, kennis, waardes en houdings te ontwikkel om verskillende loopbaankeuses te kan uitoefen.

Vereistes

60% vir Wiskunde in die graad 9-Junie-eksamen.

TOERISME

Omskrywing

Toerisme handel oor vakansies en ontspanning – reg? Nie heeltemal nie. Toerisme het vinnig verander in 'n interafhanklike netwerk van aktiwiteite, fasiliteite en dienste gelewer en onderhoud om by te bly met die veranderende behoeftes van reisigers in hulle eie land en wêreldwyd. Mense reis vir besigheid, konferensies, gesondheid, ontspanning en belangstelling in en kommer oor die natuur en hulle erfenis. Hierdie vak poog om die wêreld van toerisme te open en begrip te skep van wat toerisme laat werk in die moderne wêreld.

Die belangrikheid van die vak

Die media vertel ons herhaaldelik dat toerisme 'n groot rolspeeler in die ekonomie van lande wêreldwyd is, in terme van inkomste en werkskepping. Dit word soms gesien as 'n wonderkuur vir ekonomiese kwale sonder begrip vir die sensitiewe aard van toerisme en al die verwante faktore, asook die positiewe en negatiewe impak van toerisme op mense en hul omgewing.

Dit is daarom belangrik om toerisme te bestudeer met 'n oop kop sodat die leerder voorgestel kan word aan die element wat dit 'n volhoubare menslike aktiwiteit maak in die belang van ons land en die wêreld as geheel.

Waaroor handel die vak?

'n Leerder wat die vak bestudeer, sal 'n oorsig hê oor hoe die toerisme-industrie funksioneer en sal verstaan waarom toerisme as 'n groot ekonomiese sektor in lande regoor die wêreld beskou word. So 'n leerder sal die vereistes vir en die impak van volhoubare toerisme vanuit 'n ekologiese-, ekonomiese-, erfenis- en gemeenskapsoogpunt bestudeer. Moderne omgewings- en sosiale kwessies, byvoorbeeld, bewaring en die rol van die gasheergemeenskap in toerisme, sal bestudeer word. Interpersoonlike kommunikasie in die lewering van uitstaande diens is 'n belangrike vaardigheid om te ontwikkel, wat nou verbind is aan 'n positiewe houding en 'n gevoel van selfwaarde. Dit sal kritieke en kreatiewe denkvaardighede, 'n ondersoekende verstand, goeie kommunikasievaardighede en 'n waardering vir die diversiteit van Suid-Afrikaanse kulture verg asook die besef dat die wêreld daar buite harde werk vereis.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

'n Leerder sal komplementêre vakke soos Besigheidstudies, Rekenaartoepassingstechnologie en Geografie moet neem om 'n betekenisvolle pakket van kennis en begrip te verwerf wat opgevolg kan word met 'n verskeidenheid van hoër onderwysertifikate, diplomas en grade in toerisme-ontwikkeling, bestuur en bemaking.

Met behulp van 'n goeie besigheidsin, gevorderde rekenaargeletterdheid, 'n soliede fondament in entrepreneurskap en die vermoë en gewilligheid om hard te werk, sal die suksesvolle leerders dit moontlik vind om die deur te open na verskeie markte in toerisme, op gemeenskapsvlak en verder.

VISUELE KUNSTE

Omskrywing

'...hy's net 'n oog maar wat 'n oog...' het Paul Cézanne of Claude Monet gesê.

Die vak Visuele Kunste verteenwoordig 'n wye veld van skeppende praktyk wat die hand, die oog, die intellek, die gevoelslewe en die verbeelding betrek.

Die visuele kunste stel leerders in staat om visueel geletterd te word, om te ontdek, te analiseer, krities te dink en om nuwe maniere van reaksie en interaksie met hulle wêreld te ontwikkel deur hulle eie kunswerke op 'n verskeidenheid van maniere te maak. Ons leef in 'n toenemend visuele wêreld en leerders sal hulle praktiese vaardighede en kennis toepas om hulle te help om die doel van kuns in hul eie en ander gemeenskappe in die verlede en die hede te verstaan.

Die vak bestaan uit 'n teoretiese, sowel as praktiese komponent, waarvan die praktiese komponent 50% en die teoretiese komponent 50% van die jaarpunt uitmaak.

Die belangrikheid van die vak

Die vak Visuele Kunste ontsluit 'n opwindende wêreld van skeppende en persoonlike ontdekking. Leerders is in staat om lateraal te dink, om buigsaam en veelsydig te wees en is terseldertyd in staat om op 'n onafhanklike, gedisiplineerde en georganiseerde manier te werk. Dit voorsien leerders van 'n grondslag om 'n eie visuele taal te ontwikkel, wat dan weer ingelig en gevorm word deur Visuele Kultuurstudies.

Visuele Kuns speel 'n kritieke rol in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Deur middel van die visuele kunste kan kunstenaars hulle standpunt oor die gemeenskap en tye waarin hulle leef opteken, en kritiek lewer. Dit verryk die proses waardeur die verlede ontdek word en dit bou 'n nuwe gewaarwording van individuele en nasionale gelykheid.

Waaroor handel die vak?

Die Visuele Kunste bied 'n wye verskeidenheid van gestruktureerde studies om die leerder intellektueel en emosioneel uit te daag en om kreatiewe denke en -verbeelding te stimuleer. Die praktiese dissiplines in Visuele Kunste sluit die tradisionele skone kunste-dissiplines in van teken, skilder, grafiese drukwerk, beeldhou, gemengde media, fotografie en multimedia. Visuele Kultuurstudies bied leerders 'n teoretiese raamwerk en sluit Suid-Afrikaanse, nasionale, Pan-Afrikaanse en globale studies in. Teorie kan nie in isolasie gesien word nie en is 'n integrale deel van alle areas van die visuele kunste-praktyk.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Leerders wat Visuele Kunste as 'n kernvak kies, sal in staat wees om ingeligte keuses te maak oor beroeps- en hoër onderwysgeleenthede in 'n aantal beroepsvelde van skeppende praktyke. Die Visuele Kunste is inklusief en verskaf 'n wye verskeidenheid van geleenthede vir leerders wat uitgedaag word om hul potensiaal te bereik en ekonomies onafhanklik te word. Die klem op selfdissipline en onafhanklikheid, buigsaamheid, praktiese vaardighede, kritiese denke en 'n skeppende benadering tot probleemoplossing verseker dat alle Visuele Kunste leerders noodsaaklike lewenslange vaardighede ontwikkel, afgesien van watter beroepskeuses hulle maak. Visuele Kunste bied verskeie beroepskeuses in beide die formele en informele arbeidsmark, wat wissel van kunsbestuur en -bemarking, argitektuur, handwerk, onderwys, erfenis, bewaring, joernalistiek, fotojoernalistiek, kurators (museums en galerye), uitgewery, teater, televisie- en filmbedryf tot visuele kunspraktisyns. Visuele Kunste bied leerders 'n wye verskeidenheid lewensvaardighede en algemene verryking wat onskatbaar is vir enige beroepskeuse, nie net vir diegene in die kunswêreld nie.

VERDERE STUDIES WISKUNDE

Omskrywing

Verdere Studies Wiskunde is 'n verlenging/uitbreiding van Wiskunde. Verdere Studies Wiskunde verhoog wiskundige kreatiwiteit en logiese redenering/denke oor probleme in die fisiese en sosiale wêreld en in die konteks van Wiskunde self.

Die belangrikheid van die vak

Verdere Studies Wiskunde is daarop gemik om die aantal leerders te verhoog wat deur bekwaamheid en begeerte Hoër Onderwys betree om loopbane in wiskunde, ingenieurswese, tegnologie en die wetenskappe te volg.

Verdere Studies Wiskunde is 'n uitbreiding en uitdaging vir leerders wat 'n hoër as gemiddelde vermoë in, of entoesiasme vir Wiskunde toon. Die groter omvang van wiskundige kennis wat opgedoen word, en die diepte van wiskundige prosesse wat ontwikkel word deur aan gevorderde wiskunde idees blootgestel te word, verhoog die leerder se begrip van wiskunde, beide as 'n dissipline en as 'n instrument in die samelewing. Dit verbreed die leerder se perspektief op moontlike loopbane in Wiskunde en ontwikkel 'n passie vir en 'n verbintenis tot die voortgesette leer van Wiskunde onder wiskundig, talentvolle leerders.

Waaroor handel die vak

VRAESTEL I (STANDAARD)

· Module 1A: Calculus

Die leerder is in staat om die afgeleide en integrale, beide as 'n nie-afgeleide en as die oppervlakte onder 'n kurwe, van verskeie algebraïese en trigonometriese funksies te vestig, te definieer, te manipuleer, te bepaal en voor te stel, en verwante probleme op te los.

· Module 1B: Algebra

Die leerder is in staat om veronderstellings oor numeriese en algebraïese verwantskappe/verbande en funksies voor te stel, te ondersoek, te ontleed, te manipuleer en te bewys, en verwante probleme op te los.

VRAESTEL II (UITGEBREI)

· Module 2: Statistiek en waarskynlikheid

Die leerder is in staat om statistiese- en waarskynlikheidsmodelle voor te stel, te manipuleer, te ontleed en te interpreteer, en verwante probleme op te los.

Hoe sal die vak 'n leerder behulpsaam wees?

Verdere Studies Wiskunde is waardevol in die kurrikulum van enige leerder wat van voorneme is om 'n loopbaan in die fisiese, wiskundige, finansiële, rekenaars-, lewens-, aard-, ruimte- en omgewingswetenskappe of in tegnologie te volg. Verdere Studies Wiskunde ondersteun ook die nastrewing van loopbane in die ekonomiese, bestuurs- en sosiale wetenskappe.

Die kennis en vaardighede wat in Verdere Studies Wiskunde verwerf word, bied meer toepaslike hulpmiddels om teoretiese en toegepaste aspekte van die wetenskappe te skep, te ondersoek en uit te druk.

Die bykomende blootstelling aan modellering wat in Verdere Studies Wiskunde voorkom, bied leerders dieper insigte en vaardighede wanneer probleme opgelos word wat met die moderne samelewing, handel en nywerheid verband hou.

Onderrigtaal

Neem kennis dat Verdere Studies Wiskunde slegs in Engels aangebied word.